



# Ruach Bediening Nuusbrieff

JULIE 2021

Sarel en Gerda Reinecke

## In hierdie Nuusbrieff

1. Gedagte vir die maand.....	1
2. Gebedsterapie sessies.....	2
3. Getuienisse .....	2
4. Sommer net 'n paar gedagte's.....	2
a. Persoonlike getuienis van 'n Dokter in Namibië .....	2
b. Jan Meyer, aan sy vrou, Karin .....	3
c. Jy is 'n arend .....	4
5. Beplanning vir die volgende maande.....	6
6. Woord in Aksie kampe – Pretoria.....	6

### 1. *Gedagte vir die maand*

#### LEWE EN DOOD

*Romeine 14:8 As ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here. Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.*



Een ding is in hierdie tyd verseker, of ons sterwe en of ons lewe, is net een ding belangrik: Aan wie behoort jou gees? Met Covid wat rondom ons verwoesting saai, weet ons verseker, niks is meer belangrik op aarde nie. Alles kan in 'n oogwenk van jou af weggeneem word. Nou is nog net belangrik: waarheen is ek hierna oppad? Is dit na Jesus toe? Kan ek nou al deur die verwarring, die swakheid, die smag na asem: Jesus sien? Hou op om mense te verwyf vir jou verlede! Sorg dat jy 'n toekoms het! 'n Toekoms saam met Jesus, 'n wonderlike verwagting, dat wanneer ek my asem hier op aarde uitblaas, stap ek in Sy arms in! Maak vandag nog seker! Elke oomblik is van onskatbare belang!

Heilige God, dankie vir elke oomblik van genade uit U hand! Nog 'n dag om seker te maak: My toekoms is hand in hand saam met Jesus. Dankie Here, vir nog 'n dag! Nog 'n oomblik van genade! Jesus my hart smag na U! My siel smag na die warmte van U omhelsing! Here, U is my alles. Vader, laat U wil vir my lewe geskied en laat alles in my lewe wees tot eer en verheerliking van U Naam. Soos in die Hemel net so ook op die aarde, want aan U behoort die koninkryk, krag en die heerlikheid, tot in alle ewigheid. In Naam van Yeshua, Jesus Christus, my Verlosser en Koning. Amen.

*Met erkenning aan: Kalahari Kind - Pitkos/Soulfood pitkos.soulfood@iway.na*

## 2. *Gebedsterapie sessies*



In **JULIE 2021** was daar **14** gebedsterapie sessies in **Centurion** gewees.  
In **JULIE 2021** was daar **10** gebedsterapie sessies per **Telefoon** gewees.  
In **JULIE 2021** was daar **69** gebedsterapie sessies per **Video Call** gewees.  
In **JULIE 2021** was daar **1** gebedsterapie sessies per **Zoom** gewees.  
In **JULIE 2021** was daar **0** gebedsterapie sessies in **Delmas** gewees.  
In **JULIE 2021** was daar **0** gebedsterapie sessies in **Middelburg** gewees.  
In **JULIE 2021** was daar **11** gebedsterapie sessies in **Nylstroom** gewees.  
In **JULIE 2021** was daar **0** gebedsterapie sessies in **Fochville** gewees.

Totale gebedsterapie sessies vir **JULIE 2021** was **105**.

## 3. *Getuienisse*

### Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:

**Getuienis 1:** Baie dankie Sarel vir die Junie Nuusbrief. Elke woord in die nuusbrief het my aangerak, bemoedig, geïnspireer en moed gegee.



**Getuienis 2:** Voel vandag soveel beter geen stres of enige spanning nie. Lekker dag verder.

**Getuienis 3:** Ek wil net dankie se, maar ek wil ook se ek is jammer.... Dat besluite wat ek gemaak het julle seergemaak het...Ek is op 'n plek waar ek nou kan sien waaroor die lewe gaan en wie saak maak. Ek is jammer dat ek nie kon sien dat julle baie omgee het nie. Baie dankie vir als wat julle gedoen het...

## 4. *Sommer net 'n paar gedagte's*

### *a. Persoonlike getuienis van 'n Dokter in Namibië*

'n Jong man 34 jaar oud, raak siek met Covid, hy het gelukkig, baie goeie Covid medikasie. Ek moet hom opneem, want hy gooi aan mekaar op. Aan die begin was daar min infeksie in die longe. Ek behandel hom toe aggressief met my Covid protocol. Dit gaan baie goed met hom. Ek wil hom huis toe stuur want hy benodig min suurstof.

Maar een oggend toe ek daar kom, lyk hy sleg. Donker ringe om sy oë, en bleek. Koue koors en weer geen eetlus. Sy bloedtoets lyk egter heeldyd goed. Lewer en niere werk ook mooi. Infeksietelling lyk ok, MAAR HY LYK NIE GOED NIE, en hy voel sleg. Hy word elke dag mooi gefisio en alles.

Skielik val sy suurstof vlakke, en long X strale lyk baie sleg. \*Dadelik\* gaan sy suurstof terug na 96% na fisio. Hy is op die hoogste suurstof vloei wat in ons hospitaal beskikbaar is. Ek bel toe orals. Geen bed in die hele Namibië, wat meer kan bied as wat ons reeds gee.

Rundu sê toe vir my eers die volgende dag dat sy suurstof bly val na tussen 70-80% en hy "prone" klaar op maag, maar ek sien hoe VEG hy. Hy is in ASEMNOOD. Almal bid maar dit gaan net slegter.

Dit voel of daar 2 hande my hart vasgryp en die hoop in my wil dood wurg. Ek bid, maar dis 'n \*bang\* bid. Een van daardie help my bid asseblief Here. Dis my vriend hierdie...



Here... asseblief Here. Ek kyk honderd keer na alles wat ek gee. Ek gaan sit toe langs hom, want hy voel toe dis al hoe hy asem kry.

Toe ek langs hom sit, toe kyk hy vir my, en sê *"EK IS BANG"* ek druk toe maar sy kop teen myne, en sê, *"ek weet, ek is ook bang"* Ek weet nie eintlik wat om te sê nie.

As EK bang is, hoe moet HY dan voel. Ons kry toe 'n bed in Rundu vir CPAP.

'n Bonatuurlike dag, hoe die bed en die vliegtuig en alles net reg loop. Maar my vriend lyk nie asof hy dit gaan maak nie.

Ek klim saam met hom in die ambulans. Sy suurstofvlakke is onder 50% en net voor hulle hom oorsit op CPAP, val dit tot 25%.

Ek probeer om met OUTORITEIT te bid maar ek weet eintlik nie wat om te bid nie.

Toe kom die woorde van die lied wat ek vir hom bid. *"Ek bid dit toe weer." - "WAYMAKER, MIRACLE WORKER, PROMISE KEEPER, LIGHT IN THE DARKNESS, MY GOD THAT IS WHO YOU ARE." "EVEN WHEN I DON'T SEE IT YOU ARE WORKING!" "EVEN WHEN I DON'T FEEL IT, YOU ARE WORKING".*

En toe weet ek nie meer wat om in woorde te bid nie. My hande is toe op sy bors, en ek begin bid in my TAAL ..... wat *"NIE n BANGBID is NIE,"* maar ek is bang.

Maar... die TAAL kom uit God se GEES deur my mond. *"En God se Gees is nie bang nie! Toe hulle hom op CPAP sit gaan sy sats op na meer as 80%. Daar is toe 'n probleem met die suurstof bottels, dat dit dalk gaan op raak voor Rundu. Maar toe hy daar land was sy sats 96%.*

Hy stuur vir my n video, waar hy shap wys.

*"Toe hy volgende oggend wakker skrik was sy sats 100%"*

Ek is opad om na 2 ouer mense, wat siek is op die plote, te gaan kyk. Toe sien ek. ek het n Whatsapp oproep van my vriend se vrou gemis. Toe ek terugbel antwoord my vriend self. Hy is binne 2 dae van CPAP af op nasale/neus suurstof. *"Hy sê hy voel goed."* Dis die 1ste dag wat hy kon praat.

Toe sê hy vir my dat toe ek my hande op sy bors gehad het en in TALE gebid het, toe skielik het hy gevoel hoe sy bors oop gaan. Ek stop toe net daar my kar en huil daar langs die pad. Blyhuil! Dankiehuil!

*"Toe bid ek met 'n nuwe krag en passie in my," "WANT EK WEET," "DAT al is ek SWAK en BANG, SY GEES IS NIE." "JESUS SE BLOED WAS NIE VERNIET NIE." "DIT BRING GENESING."*

Eph 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug.

## *b. Jan Meyer, aan sy vrou, Karin*

Ek wil op die dak kan staan van 'n gebou, erens in die wereld waar as ek sou kon skreeu – die hele wereld my sou kan hoor. Maar skokkend vir my, die hele wereld sou nie luister nie, en die wat dalk iets sou hoor – sou nie glo wat hul hoor nie.

Daarom raak ek eerder stil in my binnekamer, kniel ek voor die EEN wat weet, wat ken en wat in jou glo.... Hy weet immers wat Hy in jou belê het...

Omdat Hy weet is dit so maklik om met 'n fluister stem vermom met trane van dankbaarheid, my hart met Hom te deel – vir Hom te sê hoe lief ek jou het en hoe trots ek op jou is. Ek dink my fluister-trane gebed wat ek met Hom sal deel, sal iets soos volg wees...

Wow! Vader ek wil U vertel van die wonderlikste vrou in die wereld. Van Karin, Here. Die een wat U gekies het om my vrou te wees. Here, sy is vir my nog altyd die mooiste vrou wat U geskep het – inside out. Daai donker bruin oë, wakker, blink en soms weggesteek agter 'n kreukel-plooitjie van haar neus. Sy is pragtig! En Here sy het lang bene wat haar langer maak as 'n klomp vroue, maar dit wat U binne haar gegiet het is vir my fyner en meer breekbaar, kosbaar as wat ek in die kleinste vrou in haar skaduwee kan sien.

Vader ek dink toe Salomo die Spreuke 31 vrou se lof besing het moes hy seker gepraat het van 'n vrou wat by Karin geleer het! Sy is 'n raakvat vrou, wat weet waarheen sy gaan en hoe sy daar gaan uitkom. Haar hart is om ander ook te laat uitkom by die beste plek wat sy vir hul kan afbid. Vader, sy sal haarself te kort doen – net om ander te kan help uit - of keer van - moeilikheid. Sy sal met hul raas want sy wil hul ophef omdat sy hul lief het. Sy doen dit met my ook Vader – voel partykeer of sy my gat skop (ek het dit dikwels nodig) maar dis omdat sy my opbou soos wat U van haar verwag.

Vader, ek sien soms 'n moegheid in daardie bruin oë. Dit maak my bekommerd – sy sloof haarself af. Sy gee haarself omdat sy die om haar in staat wil stel om by U uit te kan kom. By die volheid wat U in elkeen gegiet het – Vader sy sal seker nooit ophou voordat sy nie sien realiseer dit wat sy glo 'n persoon instaat is om te kan vermag nie – haar liefde Here, maak dat sy net die beste van elkeen glo en daarom verwag sy dit ook van elkeen – die beste.

Ek wil vir U vra Here, sal U haar asb beloon - al vra sy nooit daarvoor nie. Vader beskerm haar, hou haar gesond en bo dit – gee haar die vervuldheid waaroor sy in haar diepste wese droom... Sy verdien die volheid Here, want sy gun dit so vir ander om haar.

Vader dan is sy ook nog die beste Mamma en Ouma vir my gesin. U het vir die kinders voorwaar lief om haar hul Ma te maak het. Soos wat 'n leeuwyfie haar welpies beskerm en sorg vir hul... presies so is Karin oor haar kinders – van kleins af maar ook nog steeds noudat hul groot is – Vader as sy weet een van hul is in 'n tawwe stryd besig, dan ontspan sy nooit voordat sy nie weet hul is okay nie. Sy kon nog nooit haar alie net afvee aan 'n kind wat soms dwars trek of ongehoorsaam was nie. Sels as hul verkeerd gekies het Here, dan het sy steeds hul toegevoe en aanhou liefhê... Party mense sou hul kinders hul koppe laat stamp en terugstaan... Maar terugstaan het en sal sy nooit en dit Vader, dink ek het sy by U geleer.

Vader sy bly stil wanneer sy seer het en ten spyte van hoe seer iemand haar maak, maak sy nie terug seer nie.

Vader hou asb haar hart styf vas dat niemand haar ooit sal kan seer maak nie.

Vader bewaar haar, hou haar veilig asb – dit is saam met haar wat ek wil oud word, saam haar wat ek eendag as ons albei stadiger loop, ons stemme dalk al kraak – nog hand aan hand wil stap op die strand... Vader, ek is so lief vir haar – So baie dankie dat U haar vir my leen. Help my Here, om haar goed op te pas. Help my om vir haar te kan wees presies wat U van my verwag om vir haar te wees.

*04 Julie 2021 op Facebook*

### *c. Jy is 'n arend*

Daar was eendag 'n boer wat gereeld in die veld gaan stap het. Op een van sy wandelinge kom hy op 'n babavoëltjie af. Hy het die voëltjie mooi bekyk, maar kon nie agterkom wat se tipe voël dit is nie. Hy het rondgekyk vir 'n nessie, maar niks gevind nie. Toe vat hy die voëltjie maar saam huistoe en sit hom tussen sy hoenders. Die voëltjie het grootgeword en later selfs probeer om soos 'n hoender te kraai. Op 'n dag kom 'n geleerde vriend van die boer vir 'n paar dae vir hom kuier. Die boer wys hom op die plaas rond, en toe hulle by die hoenderhok kom, is die vriend baie verbaas om 'n arend tussen die hoenders te sien!

"Waarom het jy 'n arend tussen jou hoenders?" wil hy ook sommer weet. "Daar is nie 'n arend tussen my hoenders nie!" antwoord die boer verontwaardig. "Maar natuurlik is daar. Daardie groot voël is 'n arend. Kom ek wys jou," antwoord die vriend. So gesê, so gedaan. Die vriend is die hoenderhok in, bring die arend na buite en gooi hom hoog die lug in. Plonks! val die arend grond toe. "Sien jy, dis nie 'n arend nie, dit is 'n hoender," kry die boer lekker. "Nee wag," sê sy vriend, "kom ons vat hom veld toe en doen bietjie moeite met hom. Ek sal vir jou bewys dat dit wel 'n arend is."

Vir die volgende paar dae het die boer en sy vriend die arend veld toe geneem. Hulle het hom geleer hoe om sy vlerke te strek en te klap en op 'n dag, toe die vriend die arend weer die lug ingooi, het die arend gevlieg!

Die Here het ons gemaak om arende te wees. Die wêreld probeer ons egter wysmaak dat ons hoenders is en soms glo ons dit nogal! Ons begin dink en optree soos hoenders. Dis dan wanneer ons faal in ons skeppingsdoel. Onthou dat die Here jou geskep het om 'n arend te wees en dat Hy belowe om jou die krag van 'n arend te gee.

En volgende keer wanneer die duiwel jou tussen die hoenders in die hoenderhok wil indruk, stry met al jou geestelike wapens teen hom, want jy is baie meer as 'n hoender!

Kom ons dink weer voor ons moedeloos raak, en dink ons is nie goed genoeg nie. Jy was geskape om uit te staan en nie in te pas nie en onthou as jy jouself met negativiteit, kwaad, dit wat jou verhoed om jou volle potensiaal te bereik, jaloesie, tweedrag, minderwaardigheid en altyd dit wat jou van jou menswaardigheid assosieer, dan sal jy ook netso raak

Vlieg hoog met arendsvlerke, want jou Koning, Hy wat jou in staat stel om tot alles in staat te wees, gee jou die krag elke dag.

Alomteenwoordige God en Hemelse Vader ek ontvang vandag die lewe, die doelwitte, die drome en al die suksesse vir vooruitgang in my lewe. Want dit my God is wat U vir my weg bepaal het. Ja die mens ken bedink maar U bestuur. Seen ons red ons en vergewe ons ek pleit dit vanoggend in U heilige Naam.

Amen.

*\*minks\**



## 5. *Bepanning vir die volgende maande*

### DELMAS



**MAANDAE** is ek in Delmas.

Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel** ☎ **072 400 6487**

MIDDELBURG	NYLSTROOM	FOCHVILLE
Ons bedien 1 x 'n maand in <b>Middelburg</b> , 'n Vrydag en Saterdag. <b>Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke</b> ☎ <b>084 429 7016</b>	<b>Die kontak persoon vir afspraak is:</b> <b>Tannie Nellie De La Porte</b> ☎ <b>079 581 0624</b>	<b>Die kontak persoon vir afspraak is:</b> <b>Petro Gerber</b> ☎ <b>076 577 6296</b>
6 & 7 Augustus	18 & 19 Augustus	12 Augustus
3 & 4 September	22 & 23 September	16 September
1 & 2 Oktober		14 Oktober
29 & 30 Oktober	3 & 4 November	25 November
3 & 4 Desember	8 & 9 Desember	

## 6. *Woord in Aksie kampe – Pretoria*

Kyk op Facebook blad : **Woord in Aksie** vir Vroue en Manne kamp datums of op [www.wia.org.za](http://www.wia.org.za)

**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ☎ 010 065 0881

*Baie seëninge vir julle almal  
Sarel & Gerda Reinecke*

*“Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee”*